

## Tema: Die goeie nuus van God in ‘n paar woorde?

Skrifgedeelte: Lukas 24:13 tot 49

Preekteks: Lukas 24: 45 tot 49

*“Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan. Verder sê Hy vir hulle; So staan daar geskrywe:’ Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en in sy Naam moet bekering en vergewing van sondes verkondig word, van Jerusalem af en verder.” Julle is getuies van hierdie dinge. En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het, vir julle stuur. Maar julle moet in die stad bly, totdat julle met krag van bo toegerus is.”*

‘n Mens kan jou net verwonder aan hierdie teks. Is dit werklik moontlik om die evangelie van Jesus Christus, die evangelie van God, met sy lang geskiedenis en al sy ingewikkelde begrippe in ‘n paar maklike woorde te beskryf?

Ja, dit is. Maar meer nog. Dit is ook moontlik om dit in ‘n paar maklike woorde te verstaan! Let mooi op:

**“Toe open Hy hulle verstand om die Skrif te verstaan...”**

Dis waar dit begin. Hy het dit vir die dissipels gedoen. Hy wil dit ook vir ons doen. My eie insig en geleerdheid gaan my nie help nie. Jesus help my deur sy Gees en Woord om God se boodskap reg te verstaan. Met elke mens loop Hy ‘n unieke pad. Vir party beteken dit lang en vermoeiende studie en dalk baie moeilikhede. Ander kry dit sommer. Vir almal geld dieselfde beginsel: Die Here self maak ons hart en verstand oop vir Hom.

**“So staan daar geskrywe: ‘Die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan...”**

Gedurende Paasfeestyd word ons gehelp om te onthou dat die goeie nuus van hoe God mense red op drie pilare gebou is. Dis die kern van die evangelie.

- Dit is vooruit beskryf: God almagtig en alwys se besluit staan van die begin af vas. Dit kan nie verander nie. Dis hoe dit is en altyd sal wees.
- Die Christus moet ly: God se Gesalfde word nie soos ‘n “witbroodjie” behandel nie. Hy wat naaste aan die Vader is moes die meeste ly.
- En die dood oorwin: Sy oorwinning oor die dood is nodig om sy godheid te bewys en ons te verlos van ons vrees vir die dood.

**“In sy Naam moet bekering en vergewing van sondes verkondig word...”**

Dis ‘n opdrag van God. Net soos die Seun tot die dood toe gehoorsaam was aan die uitvoering van sy opdrag moet die wat in Hom glo ook hierdie opdrag gehoorsaam. “Verkondig” beteken om die proklameer, bekend te stel. Die proklamasie is kort en duidelik: **Bekering en vergewing**. Dis nie die een of die ander nie, dis beide. Elkeen

wat hom van harte tot God bekeer ontvang vergifnis. Wie aanhou om hom van God te distansiëer bly 'n tot-ewige-dood-veroordeelde.

**“Julle is getuies van hierdie dinge...”**

As 'n getuie weet dat sy getuienis kan beteken dat 'n beskuldigde vrygespreek word en hy kom nie na vore met sy getuienis nie, dan is hy skuldig aan die veroordeling van 'n onskuldige mens.

As ons weet van die vryspraak op grond van die soenoffer en opstanding van Jesus Christus en ons hou dit vir onself, is ons skuldig daaraan as mense deur onkunde verlore gaan. As onself gered is, omdat ons ander se getuienis glo, mag ons dit nooit vir onself hou nie.

**“En Ek sal die gawe wat my Vader beloof het...”**

Dis deel van die goeie nuus. God verwag nie van ons om hierdie groot en belangrike taak op eie krag te verrig nie. Hy rus ons toe met die krag van die Heilige Gees.